

Inhoudsopgawe

Januarie	Die moed om weer te begin
Februarie	Die moed om vróú te wees
Maart	Die moed om te glo
April	Die moed om Hom te leef
Mei	Die moed om op te staan
Junie	Die moed om te huil
Julie	Die moed om gehoorsaam te wees
Augustus	Die moed om gelukkig te wees
September	Die moed om te gee
Oktober	Die moed om ánders te wees
November	Die moed om vas te byt
Desember	Die moed om te kniel

Januarie

Die moed
om weer te begin




*Gee die wêreld jou beste en die wêreld
se beste sal na jou toe terugkom.*

MADELINE BRIDGES

*Elkeen wat op die Here vertrou, kan op sy groot liefde staatmaak. Die
Here sal hom met sy goedheid toevou.*

Psalm 32:10






Dis 'n nuwe jaar.
'n Kans om die sleg en seer
van al die gisters te vergeet
en net die vreugde-mooi saam te neem.
Vanjaar, Here, wil ek regtig óór begin:
ek wil elke dag met 'n skoon hart leef,
'n rein gewete gaan slaap
en 'n vervullende lewe lei.
Vanjaar wil ek minder "ek" wees,
en meer U;
minder selfsugtig optree
en meer gee;
minder kerm en kla
en meer lag en dankie sê.
Ek wil nader aan U leef,
U en u Woord beter leer ken
en meer soos U wees.

Ek wil lééf, Here.
En tóg is ek bang ...
Bang vir die onbekende en onsekerhede,
vir die probleme wat kan kom,
die pyn wat ek kan hê
die moeg- en moedeloos-wees,
die té veel hê om te doen ...

Daarom is my gebed vandag:
Wees asseblief bý my:
Wees elke oomblik van elke dag
my ewige Metgesel,
my alwyse Raadgewer en
my begripvolle Trooster.
Help my om só op U gefokus te bly
dat ek elke dag met oorgawe sal leef
in dié wete dat U
– die God van die Heelal –
agter, langs, voor, onder en bo my is.
Van nou af tot in ewigheid.



1 Januarie

Die moed ...

om wéér te begin



Die Here sal jou oppas waar jy ook al is: by die huis, by die werk of miskien iewers op pad. Hy sal jou altyd help, of jy kom en of jy gaan, nou en in die toekoms. (Psalm 121:7-8)

Die nuwejaarsvuurwerke se laaste vonkeling het verdwyn. Voor ons lê die realiteite van die begin-van-nóg-'n-jaar ...

Miskien sien jy met verwagting uit na dit wat voorlê, moontlik het jy groot drome en is jy vasberade om jou voornemens vanjaar 'n werklikheid te maak. Maar dalk is jy ook onseker oor dit wat voorlê en voel dit of jy maar weer net aan die voet van 'n nuwe berg staan. Hoe ook al, daar is één versekering wat jy saam met jou die onbekende kan inneem en dit is dat jou Vader jou tree vir tree op jou onseker reis sal vergesel.

Wanneer jy jou lewe in vertroue sáám met Hom leef, ís Hy jou Beskermer, jou Leidsman en jou Vertroueling.

*Hier is ek, Skepper,
sterk en vol moed omdat U ook
hierdie nuwe jaar sáám met my gaan.*



Neem vandag sy uitgestrekte hand en bid dat die Gees jou sal oortuig dat Hy jou wéér veilig sal lei: elke oomblik van elke dag van die res van jou lewe!



2 Januarie

Die moed ...

om nie bang te wees nie



Jy moet ook nie vir hulle bang wees nie. Ek belowe jou, Ek sal by jou wees en jou beskerm. (Jeremia 1:8)

My “Januarie-vriendinne”, noem ek hulle. Dit is die oud-vertroues voor wie ek maar net myself kan wees. Dié vir wie ek kan sê: “Ek is moedeloos ... bly ... opgewonde ... seer ... bang ... ” omdat ek hulle vertrou. Juis omdat ons mekaar so goed ken, wéét ons dat ons in die begin van die jaar met ’n klomp onsekerhede rondloop. Ons weet al ons gaan vir mekaar vra: “Vriendin, wat wag dié jaar op ons?” Tog weet ons ook dat God, iewers gedurende die gesprek, gaan antwoord: “Ek, die Here, sál vir jou sorg ... ”

Liewe vriendin-in-Christus, dis normaal om in hierdie tyd allerhande vertwyfelende emosies te ervaar. Gelukkig ken ons Vader ons baie goed, weet Hy hoe ons harte voel en gee sy Woord ons telkemale die belofte dat Hy ons nooit sal verlaat nie.



Die lewe is beto-
werend, maar ’n
mens moet dit deur
die regte bril sien,
skryf Alexandre
Dumas. Leef vanjaar
met ’n bril-van-
moed omdat jy
wéét Wie jou
vooruitgaan.



*Dankie, getroue God, dat U
– Onderhouer van die grote heelal –
ook my Vader is!*

Die moed ...

om Hom op sy Woord te neem



Wat beteken dit om op God te vertrou? Geloof of vertroue in God beteken om nie een oomblik te twyfel nie dat Hy sy beloftes sal hou en om daarna uit te sien. (Hebreërs 11:1)

Wanneer die lewe en mense jou teleurgestel het, is dit moeilik om weer honderd persent te vertrou. Dan is daar mos iets in ons wat skepties wonder waar die vangplek in die beloftes is. Die wonderlike is dat – ongeag die feilbaarheid van mense – ons God langer-as-lewenslank getrou aan ons bly! Ja, ook jy kan God maar op sy Woord neem en glo wanneer Hy vandag vir jou sê:

- ✿ “Julle sal my eie mense wees en Ek sal julle God wees” (Jeremia 30:22).
- ✿ “My goedheid is vir jou genoeg. Dit is al wat jy nodig het” (2 Korintiërs 12:9).
- ✿ “Hou op bang wees” (Klaagliedere 3:57).
- ✿ “God hou julle juis nou styf vas sodat niks met julle gebeur wat julle geestelik kan seermaak nie. Hy is sterk genoeg om dit te kan doen” (1 Petrus 1:5).



Neem jou Vader
op sy Woord,
elke dag van hierdie
nuwe jaar. Hy sorg
reeds vir jou!

*Dankie, Meester van my lewe,
dat u beloftes van sorg vir ewig waar is.*

4 Januarie

Die moed ...

om te weet: Ek-wat-is is by jou



“Ek is wat Ek is,” het God vir Moses gesê. “Jy moet vir die Israeliete só sê: Ek-wat-is, dis Hy wat my na julle toe gestuur het.” (Eksodus 3:14)

God kan ons lewens in 'n oogwink verander. Soos Moses s'n. Die een oomblik was hy nog 'n gewone skaapwagter met 'n rustige en kommervrye dagtaak. Die volgende oomblik sê God self vir hom: “Jy moet my volk uit Egipte gaan uitlei” (Eks. 3:10). Sjoe, wat 'n groot verantwoordelikheid!

Miskien lê dié jaar se verantwoordelikhede, verpligtings en uitdagings ook soos 'n groot woestynpad voor jou. Dalk voel jy ook om haggelend vir God te sê dat jy regtig nie kans sien vir die pad nie en wens dat Hy iemand anders sal stuur om die lewe vir jou makliker te maak. Dit kan selfs wees dat die Here hierdie jaar in besonder 'n groot taak op jou skouers lê. As jy huiwerend voor jou woestynreis staan, weet dan dat God self – Ek-wat-is – die pad voor jou uitgaan. Daarom maak dit nie saak hoe moeilik jou lewenspad is nie. Hy is reeds daar.



Sien God se wolk-
en vuurkolom in
jou lewe. Volg dit
en weet: God-wat-
God-is is by jou.

Ek volg U, Leidsman. Onvoorwaardelik.

5 Januarie

Die moed ...

om stukkie vir stukkie te leef



Ek sal hulle bietjie vir bietjie voor jou laat padgee soos jou getalle al meer word en jy al meer plek nodig het om te bly, totdat jy uiteindelik die hele land kan oorneem. (Eksodus 23:30)

Ons almal sukkel maar soms met ons ongeduld. Ons wil so graag dinge vinnig afgehandel kry, 'n probleem dadelik uitsorteer en oornag die dinge ontvang waaroor ons droom. Wanneer dit nie onmiddellik gebeur nie, voel ons gefrustreerd en is ongeduld geneig om ons moedeloos te maak.

Soos die Israëliete kla ons ook gou by God as dinge nie vinnig genoeg na óns sin uitwerk nie. God laat Hom egter nie aanjaag nie. Soos Hy die Israëliete se vyande bietjie vir bietjie verdryf het, so werk Hy stukkie vir stukkie in ons lewens, want Hy weet presies wanneer ons gereed is vir wat. Enige projek, gebou of tydperk begin met die eerste stap, die eerste steen en die eerste minuut. Wanneer die beginsel reg is, jy jou deel doen en God vertrou, kan jy maar seker wees dat Hy alles perfek sal laat uitwerk.



Laat God toe
om jou stukkie
vir stukkie met
jou lewe te help.

*Here, leer my om U geduldig
te vertrou wanneer U op u tyd werk.*